basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRHL.2

AFRIKAANS HUISTAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2011

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye.

OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

5. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute
   AFDELING B: ongeveer 55 minute
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**		
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**BLADSY**
1. Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede	Opstelvraag	5
2. Naskrif: ’n credo	Kontekstuele vraag	6
3. die straatkind	Kontekstuele vraag	7
4. “Christ of the burnt men”	Kontekstuele vraag	9
EN **Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.**		
5. Oulaas	Opstelvraag	10
OF		
6. Oulaas	Kontekstuele vraag	11
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag.**		
7. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Opstelvraag	12
OF		
8. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Kontekstuele vraag	12
9. *Manaka Plek van die Horings*	Opstelvraag	14
OF		
10. *Manaka Plek van die Horings*	Kontekstuele vraag	14
11. *Vatmaar*	Opstelvraag	16
OF		
12. *Vatmaar*	Kontekstuele vraag	16
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag.**		
13. *Krismis van Map Jacobs*	Opstelvraag	18
OF		
14. *Krismis van Map Jacobs*	Kontekstuele vraag	18
15. *Mis*	Opstelvraag	20
OF		
16. *Mis*	Kontekstuele vraag	20

LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en C.

KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK ✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte)	1 – 4	2	
A: Gedigte (Ongesiene Gedig)	5 – 6	1	
B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag)	7 – 12	1	
C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag)	13 – 16	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en C.			

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede – TT Cloete

Die land het 'n te veel
aan ryk boere met Ford
en Fordson te veel halfgeleerde sportiewe studente
studeer aan te veel universiteite met te veel sosiale personeel
te veel is die somerdae en te kort
is die winters dun is die herfs vals die lente.

Die land het te veel binneland te veel olifante en leeu
en te min watervoëls te min mere en koue poel
met swane niks steur
die voetbalson nie as hulle vleis braai sneeu
dit nooit geen mis spoel
soos melk teen ruite nie geen sprokies gebeur

in woude nie. Daar is te veel koerante
en koerantsterre soos hoere en moordenaars
te veel onmonargale koninginne en trompoppies
te veel annalante joollieste te vele sonnante
mercedese te veel minnaars
en ministers met hul adjunkte en ander snoppies.

Daar is te min skilderye en boeke
en te min koue en kaggelvuur maande aanmekaar
skyn die son daar is geen verbeeldingryke ommekeer
van seisoene en menings nie geen donker hoeke
teen storms nie te min storms te ver uitmekaar
lê hemel en aarde met tussenin te veel mooi weer.

[Uit: *Angelliera*, 1980]

Bespreek die titel van die gedig hierbo in 'n opstel van 250 tot 300 woorde, aan die hand van SEWE redes waarom daar 'n behoefte aan negatiewe omstandighede is. Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan. **[10]**

OF

VRAAG 2

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Naskrif: 'n credo – Lina Spies

Ek wil nog hê dat my verse "mooi" moet wees,
mooi soos *Blou see van denne teen die hang*
en *My nooi is in 'n nartjie,*
Soos Robert Frost en Emily Dickinson:
The woods are lovely, dark and deep en
Heart, we will forget him!
You and I, tonight!

Ek wil hê dat "gewone" mense my poësie moet lees
en tog, ek hou nie van gewone mense nie:
van vrouens wat net babas kry
en mans wat saans 'n bier drink in die kroeg.

Ek hou van iemand wat oor dertig jaar
'n roomys in die straat sal lek,
van 'n ongelowige wat sê soos by gebed:
"John McCormack sing soos Mozart se musiek"
terwyl dit buite reën
en 'n amandelboom spierwit in die vaalte staan.

Ek hou van jou wat sal kan sien
die liewe vrou, oud en gerimpeld,
lyk presies nes 'n parkiet.

Ek wil hê dat jy van my gedigte hou,
jy wat ongewoon en anders is
en tog gelukkig geen kenner van rym en metrum nie

[Uit: *Digby Vergenoeg*, 1971]

2.1 Haal EEN woord aan wat daarop dui dat die gedig eintlik 'n brief is. (1)

2.2 2.2.1 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf net die korrekte letter (A – D) neer.

Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n ...

A sonnet.
B ballade.
C vrye vers.
D nokturne. (1)

2.2.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 2.2.1. (1)

2.3 Waarom is so baie van die woorde in reël 2, 3, 5, 6 en 7 gekursiveerd? (1)

2.4 Verduidelik die paradoks in strofe 2. (1)

2.5 Wat is die funksie van die herhaling van 'Ek wil hê' (reël 1, 8, 21) in die gedig? (1)

2.6 Verduidelik in EEN sin, in jou eie woorde, wat met reël 12 en 13 bedoel word. (1)

2.7 Skryf 'n voorbeeld van beeldspraak uit strofe 4 neer. Benoem die beeldspraak. (2)

2.8 Verklaar nou, na aanleiding van die gedig, wat 'n *credo* is. (1)
[10]

OF

VRAAG 3

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

die straatkind – Linda Roos

ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik
wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer –

verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif
wat sy skraal skouers gereed dra soos spiese
of 'n heining: maar agter dié heining
het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos 'n ou roof
en 'n toegepleisterde wêreld
op die sypaadjie laat bloei
waar bome onder die skril bevel van sae steun
konyne spartel in steriele laboratoriums
en lammers teen die slagterslem

en daar was wysheid in die lug
(nes dié ander dag uit wolke)
maar soos van ou mans met klam monde op parkbankies
en kras soos kraaie

toe ek wegdraai was daar 'n geruis in my ore
en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg
van 'n vlerk

[Uit: *'n Hokvol dwase*, 1986]

3.1 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf net die korrekte letter (A – D) neer.

Die titel verwys na ...

A 'n hawelose persoon.
B 'n kind sonder versorging.
C 'n randfiguur.
D Al die bogenoemde (1)

3.2 Watter tipe persoon is die spreker aanvanklik in die gedig? (1)

3.3 Watter woord in reël 1 dui daarop dat die spreker die situasie probeer vermy, maar dit nie reggekry het nie? (1)

3.4 Waarom is 'ongeërgde' in reël 1 so 'n effektiewe woordkeuse in die gedig? (1)

3.5 Dui 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 1 aan. Onderstreep die betrokke klank. (1)

3.6 Waarom is die gebruik van die vergelyking in reël 5 funksioneel? (1)

3.7 Wat is die funksie van die enjambemente in die gedig? (1)

3.8 Verduidelik in EEN sin wat die ooreenkoms tussen die straatkind, konyne, lammers en bome in reël 9 tot 11 is. (1)

3.9 Wat is die funksie van die parentese in reël 13? (1)

3.10 Verklaar in jou eie woorde 'onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg van 'n vlerk' in reël 17 tot 18. (1)
[10]

OF

VRAAG 4

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

"Christ of the burnt men" – Sheila Cussons
(*Thomas Merton)*

Jy sal my ook al hoe meer wen, glimlaggende
skerts-oog blink-oog Christus wat my vervaarde jare
op jou afstand gadegeslaan het: jy het
jou hande nie tóé uitgesteek toe ek
jou sengende wonde aan my lyf ontvang het nie
maar fel jou kruis geteken oor my, in hand
en voet en romp en hoof, en deur die beswyming
onder druppende bloedplasma- en soutwatersakke
kom skyn voor my met net die trekking van 'n glimlag
van uiterste pyn om die mondhoeke, jou oë
blink van 'n verskriklike akkoord.
En ek begryp, jy het my geteken vir die avontuur
van jóú, ek wat vuur bemin en altyd waaghalsig was -
– O wat is die brand in die brein en hart wat brandender brand
as die vlam aan die lyf en wat gaan gloei in klip en sand
onder my eenvoetig-springende begrip agter jou
ságsinnigheid aan?: Nee, iets heerlikers: as jy eindelik
omdraai met oë wit en stip en ver en skouers gemantel
met 'n verwoede en stormende son: o my kosmiese Christus:
drie-en-dertig jaar verdoesel in die klein en donker vlees
wat jy in een nag oopgevlek het om jóú vir my te bevry
opdat ek jou raaksien, raak weet, raak het, en nog wag jy
dat ek moet sê, heeluit moet sê: grýp my hande dan,
amper sonder vingers vir jou: kundige timmerman.

[Uit: *Die swart kombuis*, 1978]

4.1 Hoekom staan die titel van die gedig tussen aanhalingstekens? (1)

4.2 Haal 'n bewys uit die gedig aan dat die spreker op 'n persoonlike vlak met Christus verkeer. (1)

4.3 Waarna verwys die 'vervaarde jare' in reël 2? (1)

4.4 Wat word na die dubbelpunt in reël 3 verduidelik? Skryf jou antwoord in EEN sin neer. (1)

4.5 Hoe is die verwysing na 'druppende bloedplasma- en soutwatersakke' in reël 8 biografies van die digter? (1)

4.6 Wat is die funksie van die b-alliterasie in reël 14? (1)

4.7 Waarom word die 'en' in reël 18 herhaal? (1)

4.8 Watter woord in reël 20 – 23 staan in kontras met 'verdoesel' in reël 20? (1)

4.9 Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenis van 'timmerman' in reël 24. (2)

[10]

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Oulaas – Charles Fryer

Dis oulaas stap, Pa:
Jy in die middel en ons,
stram in kispakke,
maar regop, jóú seuns,
elk aan 'n handvatsel.

Dis half swaar, Pa.

Ons is gewoond saamstap
en die suidewind
is bitterbos en reën.

Voor die kampie op die bult
wag die volk
om vir Pa te sing,
hul gesigte dobberend in die middagson.

Pa het dié tyd
altyd
'n bietjie gaan skuinslê.

[Uit: *Rooiwielwa*, 1978]

Besin oor die opdrag hieronder en skryf enkele goed gestruktureerde paragrawe van 250 – 300 woorde. Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan.

Die gedig handel oor 'n begrafnis van 'n geliefde. Bespreek hoe hierdie tema uitgebeeld word deur na die volgende te verwys:

- Die funksionaliteit van die titel (2 gemotiveerde feite)
- Die effektiewe leestekengebruik (3 gemotiveerde feite)
- Die aanwending van beeldspraak en stylfigure (2 gemotiveerde feite) **[10]**

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Oulaas – Charles Fryer

Dis oulaas stap, Pa:
Jy in die middel en ons,
stram in kispakke,
maar regop, jóú seuns,
elk aan 'n handvatsel.

Dis half swaar, Pa.

Ons is gewoond saamstap
en die suidewind
is bitterbos en reën.

Voor die kampie op die bult
wag die volk
om vir Pa te sing,
hul gesigte dobberend in die middagson.

Pa het dié tyd
altyd
'n bietjie gaan skuinslê.

[Uit: *Rooiwielwa*, 1978]

6.1 Hoe word die idee van finaliteit deur die titel bewerkstellig? (1)

6.2 Die gebruik van 'kispakke' in reël 3 is fyn woordspeling. Op watter TWEE verskillende betekenisse word hier gesinspeel? (2)

6.3 Op watter TWEE wyses word 'n hartseer stemming in strofe 3 bewerkstellig? (2)

6.4 Verduidelik die woordspeling in reël 6. Skryf TWEE sinne neer. (2)

6.5 Waarop kan 'dobberend' in reël 13 dui? (1)

6.6 Verduidelik die slotstrofe in jou eie woorde. Skryf TWEE sinne neer. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Iris se lewe word deur heelwat mense verryk, party van hulle vanweë hulle uniekheid en ander weer vanweë hul nugterheid. Maar hoe beskeie elkeen se rol ook mag wees, almal het 'n vormende invloed op die hoofkarakter.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde waarin jy let op die rol wat die volgende karakters in Iris se menswees speel:

- Iris se ma (6 gemotiveerde feite)
- Johanna (5 gemotiveerde feite)
- Bettie (4 gemotiveerde feite) **[25]**

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Ek het ook met die Engel gepraat en voorgestel dat hy van werkgewer verander en hom by Ma aansluit aangesien ek nie regtig sy dienste op 'n daaglikse grondslag nodig gehad het nie. "So maklik ontslaan jy my nie," het hy gemor. "Ek wil jou nie ontslaan nie. Inteendeel. Dis net dat ek voel Ma het jou nou nodiger." "Hoe weet jy sy het nie haar eie oppasser nie?" "Sy het nog nooit iets gesê nie." "Maar sou sy?" Ek was beslis. "Natuurlik. Ek en sy gesels dikwels oor jou. Sy ken jou per slot van rekening langer as ek. Sy sê jy was altyd by hulle toe Ouma nog geleef het. Selfs aan tafel." "Wie sê dit was ek?" Dit was 'n nuwe gedagte en ek was nie seker of ek daarvan gehou het nie. "Jy bedoel jy is iemand anders as ouma se Engel? Neef of so?" "Jy wil my maar in aardse terme ontleed," het hy gesê. "Ek het nie neefs nie." "Dan moet jy 'n mutasie wees van die oorspronklike Engel. Of muteer jy ook nie?" Hy het deursigtig geword en deur die pietersielieplant op die vensterbank beweeg. Ek het hom sy unieke metode om ongewenste vrae te ontduik beny, al het dit my tot dodens toe gefrustreer.

8.1 '… en voorgestel dat hy van werkgewer verander …' (Reël 1 tot 2)

8.1.1 Waar het die Engel die eerste keer met Iris kontak gemaak? (1)

8.1.2 Aan wie dink Iris het die Engel vroeër behoort? (1)

8.1.3 Hoe bevestig Iris se ma die bestaan van die Engel? (1)

8.1.4 Wat was Iris se werkgewer se siening oor die Engel? (1)

8.1.5 As watter tipe persoon sou jy haar werkgewer bestempel na aanleiding van sy Engel-siening? (1)

8.1.6 Waarom wil Iris nou die Engel vir haar ma gee? (1)

8.1.7 As Iris die Engel net hierna ontmoet, baklei sy met hom. Hoekom? Noem TWEE feite. (2)

8.1.8 Noem TWEE funksies wat die Engel in Iris se lewe verrig. (2)

8.2 Lees reël 21 – 24.

8.2.1 Watter soort verteller word in die uittreksel gebruik? (1)

8.2.2 Waarom is hierdie soort verteller geslaagd? (1)

8.2.3 Noem TWEE nadele van hierdie tipe verteller. (2)

8.3 Iris se ma het nie die Engel nodig nie, want sy gaan plaas toe.

8.3.1 Wie se plaas is dit? (1)

8.3.2 Waarom was Iris se ma aanvanklik teësinnig om soontoe te gaan? (1)

8.3.3 Watter implikasie het die ma se besluit op Iris se lewe gehad? (1)

8.3.4 Op watter wyse word Peter hier die Engel in Iris se lewe? (1)

8.4 Iris was in die wolke omdat sy die kwart-voor-sewe-lelie geërf het.

8.4.1 Waarom is Iris so obsessief oor die plant? (1)

8.4.2 Wat maak hierdie plant so uniek? (1)

8.4.3 Hoe dra hierdie uniekheid tot Iris se beheptheid by? (1)

8.4.4 Noem TWEE plekke waar Iris blomgeleenthede kon kry. (2)

8.4.5 Op watter wyse slaag Iris daarin om uiteindelik te blom? Noem TWEE feite. (2)

[25]

OF

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Wedersydse begrip en respek is noodsaaklik in interkulturele of veelrassige verhoudings. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan. Verwys in jou antwoord na die volgende:

- Die onwillige Baas wat as versorger en hulp vir die gemeenskap op Manaka optree (5 gemotiveerde feite)
- Griesel en Riekert enersyds en Nanna andersyds se houdings teenoor die plaaslike bevolking (5 gemotiveerde feite)
- Grace en ouma Essie as brugbouers tussen kulture (5 gemotiveerde feite) **[25]**

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Hy kan nie onthou wanneer hy laas alleen in sy kamp was nie. Hy weet van die twee bosuile in die worsboom, die seekoeie wat van die eiland af verbykom, 'n naguiltjie se fluitnote iewers in die pad wat na die sendelinge toe gaan en die geur van die gras waarmee sy slaaphut se dak gedek is.
Hy weet ook van die tent wat in die kerk opgeslaan is en van die opgemaakte bed.
Hy gaan soek sy ma se Bybel. Baie verse is netjies met potlood en liniaal onderstreep. By party verse is datums ingeskryf.
Een van die dinge wat hy opmerk, is dat sy van die boek Johannes gehou het. By sy paraffienlampie lees hy hoofstuk 3 vers 16. Die datum wat sy ma daarby geskryf het, is 25 Maart 1952. Dit is die dag waarop hy gebore is.
'Tjuu-tjuu-tjuu ... Tjuu-tjuu-tjuu ...' roep die dikkop, die onweervoël, laatnag op die kaalte waar Manaka se as weggegooi word. Baas wurm hom onder sy net uit en smeer sy kaal bolyf met insekweerder. Dit is drukkend warm. Die maan is aan die groei. Dit is helderder as toe hy en Griesel agter die olifante aan was.
Waar hy Briekwa begrawe het, gaan sit hy teen die skuins stam van die kameeldoring.
Sodat elkeen wat in Hom glo ...
Kan 'n mens die ewige lewe hê en dit verloor?
Ouma Essie het haar Bybel in die rivier gegooi.

10.1 Baas kan nie onthou wanneer hy laas alleen in sy kamp was nie. Noem TWEE groepe mense wat sy privaatheid binnedring. (2)

10.2 Wat geniet Baas as hy alleen op Manaka is? Stel dit in jou eie woorde in EEN sin. (2)

10.3 Wat impliseer reël 6 tot 7? Skryf EEN sin neer. (2)

10.4 Baas gaan soek sy ma se Bybel. Noem TWEE dinge (EEN uit die uittreksel en EEN uit die roman) wat bevestig dat Grace Chipman 'n Christen was. (2)

10.5 Grace Chipman het van die boek Johannes gehou. Wat impliseer die feit dat Baas sy geboortedatum by Johannes 3:16 opmerk? (2)

10.6 Watter DRIE beskrywings dui op die weer wat saampak en die dreigende storm wat uiteindelik die rivier sal laat afkom? (3)

10.7 Baas slaap onder 'n net en smeer hom met insekweerder. Hoekom doen hy dit? (1)

10.8 Verskeie mense in die roman doen malaria op.

Sê wat die verloop en uiteinde van die siekte by elkeen van die volgende karakters was:

10.8.1 Grace (1)

10.8.2 Manuel se dogtertjie (1)

10.8.3 Meneer Mosko se ma (1)

10.8.4 Griesel (1)

10.9 Lees reël 19.

10.9.1 Hoe is Briekwa dood? (1)

10.9.2 Waar is hy begrawe? Gee TWEE spesifieke verwysings. (2)

10.10 Lees reël 21.

Watter stryd heers in Baas se gemoed? Beantwoord dit in EEN sin in jou eie woorde. (1)

10.11 Lees reël 23.

Wat lei daartoe dat ouma Essie haar Bybel in die rivier gooi? (1)

10.12 Hoe slaag ouma Essie daarin om die gebeure in reël 23 ongedaan te maak? (1)

10.13 Wat is besonders aan hierdie optrede van haar? (1)
[25]

OF

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Vatmaar het ontstaan vanweë die besondere karaktertrekke en bydraes van sy inwoners. Evalueer hierdie stelling in 'n opstel van 450 – 500 woorde deur te verwys na die rol wat elk van die volgende karakters in die Vatmaar-nedersetting speel:

- Ta Vuurmaak (4 gemotiveerde feite)
- Tant Wonnie en haar gesin (4 gemotiveerde feite)
- Ma Khumalo (4 gemotiveerde feite)
- Oom Chai (3 gemotiveerde feite) **[25]**

OF

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Lees die uittreksel hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

Hulle moes al hulle goed vat en voor twee mans op bicycles uit dra. Jakob Kierie het agter saam met die wit poelisieman geloop. By die poeliesstasie het die sersant gevra: What is the charge?
Let us search them first, sê die poelisieman. One of their sort says that they have a diamond to sell.
Siesie Lena kon dit verstaan, maar Bet en Flippus het net die woord "diamond" geken. Hulle is oor en oor deurgesoek. Jakob Kierie was baie seker dat hulle diamante by hulle het en hy het aanhou sê: Baas, ek het die diamante gesien.
Nee, het Siesie Lena gesê, Sir, ons het net die trein Kimberley toe kom vat en van daar af Postmasburg toe.
Toe hulle niks kry nie, roep die sersant sy vrou, want hy was seker dat die diamante onder die lelike lappe op Bet se rok vasgewerk was.
Come! sê die sersant se vrou en maak die deur toe. Sy bevoel die lapplekke. Toe maak sy die deur oop en roep: Manuel!
Die bruinman kom deur toe en sy sê: You look.
Sy gee vir hom die rok aan en maak weer die deur toe. Hy het gevoel en gekyk en seker gemaak daar is niks in nie. Die hele tyd het Jakob Kierie na die speurder se hande gekyk sonder om 'n oog te knip, want hy was lekker getrek.
Siesie Lena was klaar deurgesoek. Die sersant se vrou sê toe vir haar: You go. Sy het Bet haar rok laat uittrek. Dit was baie vuil en sy het dit op die vloer neergegooi en gesê: Sit on the bench. (Voor die witvrou haar aangesê het om te gaan, moes Siesie Lena ook op die bank sit.)
Bet het geweet wat om te verwag. Sy het opgestaan en gesê: Miesies, ek het my maandsiekte. Toe het sy haar hande saamgeslaan soos iemand wat bid en weer gesê: Miesies. En toe gehuil: Ek het my maandsiekte.
Die sersant se vrou kon sien Siesie Lena verstaan Engels en sê: Let the other come here. What does she say? vra sy vir Lena.

12.1 Plaas uittreksel hierbo binne die konteks van die roman. (2)

12.2 Waarom is dit ironies dat Jakob Kierie saam met die polisieman loop? Gee TWEE redes. (2)

12.3 Watter belangrike tema van die roman word deur die optrede van die polisie teenoor die beskuldigdes aangeraak? (2)

12.4 Watter verkeerde daad het Oom Flip gepleeg? (1)

12.5 Dink jy Siesie Lena was opreg met haar bedoelings teenoor Bet? Motiveer jou antwoord uit die roman. (2)

12.6 Verduidelik in EEN volsin hoe die werksomstandighede van Bet en Siesie Lena verskil het. (2)

12.7 Wat is die verwantskap tussen die volgende karakters in die roman:

12.7.1 Siesie Lena en Janman (1)

12.7.2 Bet en Oom Flip (1)

12.8 Bet het gemaak net soos Siesie Lena haar voorgesê het.

12.8.1 Verduidelik in EEN volsin watter TWEE dinge Bet moes doen om die diamante te bekom. (2)

12.8.2 Wat was die werklike rede waarom die groep die diamante wou bekom? (2)

12.8.3 Het hulle in hulle doel geslaag? Sê JA of NEE en gee ŉ rede uit die roman as motivering. (2)

12.9 Watter rede het die volgende karakters aangevoer sodat hulle hul werkplekke kon verlaat om hul plan uit te voer:

12.9.1 Siesie Lena (1)

12.9.2 Bet (1)

12.10 Wat het met Siesie Lena, Janman, Bet en Flippus gebeur nadat hulle deur die polisie ondersoek is? Motiveer jou antwoord. (2)

12.11 Na die gebeure met die diamante het Bet, getrou aan die tradisie van die mense van Vatmaar, haar medemenslikheid aan ŉ man by Kimberleystasie getoon. Wat het sy gedoen? (1)

12.12 Watter soort verteller is in die uittreksel hierbo aan die woord? (1)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Bespreek die intrige en subintrige in *Krismis van Map Jacobs* en bring dit in verband met die tema van vryheid en uitgelewerdheid. Skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde en dui die getal woorde wat jy gebruik het aan.

Formuleer jou antwoord aan die hand van die volgende:

- Map se uitgelewerdheid en gevangenskap (5 gemotiveerde feite)
- Map se vryheid (4 gemotiveerde feite)
- Cavernelis se uitgelewerdheid (3 gemotiveerde feite)
- Cavernelis se vryheid (3 gemotiveerde feite) **[25]**

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP* JACOBS – Adam Small**

Lees die teks hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

1	BLANCHIE:	Ek is so vuil, Johnnie …
2	MAP:	Jy is … mooi …
3	BLANCHIE *(saggies)*:	Johnnie … Wat het … van ons geword ... *'n Lang*
4		*stilte.*
5	MAP:	Alles … en niks … Blanchie …
6	BLANCHIE *(huil)*:	Johnnie …
7	MAP:	Alles … en niks … (*Hy huil en lag. Dan sy ook – huil en lag.*) Ek het
8		vir jou …
9		alles ge-vertel … Blanchie … voor Apostel George … voor die Here …
10		en voor Ma …
11		Daar is niks meer nie …
12	BLANCHIE:	Ek het vir jou … ook … ge-vertel … alles … Johnnie …
13		*Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik. Die wind van*
14		*die Kaapse Vlakte wáái, en blý waai, maar dan word dit ook die geluid*
15		*van 'n trein wat deur die townships reis. En skielik 'n huilende sirene en*
16		*remme van die trein wat staal op staal laat sing. Blanchie en Map*
17		*weerloos teen die wind en die huilende trein – teen die gebeurtenis.*

14.1 Lees reël 1 en 2.

Verduidelik die kontras in TWEE sinne. (2)

14.2 Lees reël 3 en 5.

14.2.1 Watter potensiaal het Johnnie en Blanchie gehad? Skryf jou antwoord in EEN sin neer. (2)

14.2.2 Hoe is hulle drome vernietig? Skryf jou antwoord in EEN sin neer. (2)

14.3 Map verwys in reël 7 tot 10 na sy bendebedrywighede wat skeef geloop het.

14.3.1 Wat was Map en sy bende se oorspronklike plan? (1)

14.3.2 Waarvoor gee Map verder toestemming? (1)

14.3.3 Tot wie se dood lei hierdie oordeelsfout van Map? Noem TWEE persone. (2)

14.3.4 Wat was die gevolg van hierdie aand vir Map? (1)

14.4 Blanchie verwys in reël 12 na verhoudings wat sy gehad het.

14.4.1 Met wie het sy hierdie verhoudings gehad? (1)

14.4.2 Watter gerug was daar in die buurt oor haar? (1)

14.5 Watter implikasie is daar in die eerste twee sinne van reël 13? (1)

14.6 In reël 15 is daar sprake van ‘townships’.

14.6.1 Hoe het die townships ontstaan? Skryf jou antwoord in TWEE sinne neer. (2)

14.6.2 Beskryf die omstandighede in die township. Noem VYF feite. (5)

14.7 In reël 17 is daar ’n verwysing na ‘die gebeurtenis’.

14.7.1 Na watter gebeurtenis word hier verwys? (1)

14.7.2 Sê in EEN sin hoekom die gebeurtenis plaasgevind het. (1)

14.8 Watter ironie is daar in die uiteindes van Map en Cavernelis? Skryf jou antwoord in TWEE sinne neer. (2)

[25]

OF

VRAAG 15: OPSTELVRAAG

MIS – R de Wet

Bespreek in 'n opstel van 400 – 450 woorde die karaktereienskappe en -ontwikkeling van die volgende karakters in *Mis*. Verwys na:

- Miem (7 gemotiveerde feite)
- Meisie (4 gemotiveerde feite)
- Gertie (4 gemotiveerde feite) **[25]**

OF

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

MIS – R de Wet

Lees die onderstaande uittreksel deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

1	MIEM:	Armsalige ellendelinge. (*Aan MEISIE*) Ek hoop jy onthou dit ook. So mooi en
2		welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.
3	MEISIE:	Ma!
4		*Die huilwind vervaag en verdwyn.*
5	MIEM:	Nou toe nou. Dit is genoeg. (*Skielik opgewonde*) Weet jy, Gertie ... dit laat my mos
6		dink. Die sirkusgedoente was die vorige kere ook hier. Op dieselfde aand! Wie
7		weet, miskien is hy een van hulle!
8	GERTIE:	Ag nee, Miem, dink jy so?
9	MIEM:	As ek maar net vroeër daaraan gedink het, het ek vir die sersant gesê.
10	GERTIE:	Ek is seker dit sal hom byval, Miem. Die sersant is 'n verstandige man.
11	MIEM:	Ja, hy is. Hy het na ons geluister.
12	GERTIE:	Hy het ander polisie en honde laat kom. Om die dorp en die distrik te patrolleer.
13	MIEM:	Waar hoor jy dit?
14	GERTIE:	Vanmiddag was die dorp daarvan vol. En op pad het ek hulle gesien. Polisiemanne
15		met groot honde aan kettings.
16	MIEM:	Watter blye tyding!
17	MEISIE:	Eina! (*Sy suig haar vinger*)
18	GERTIE:	Aag tog, het jy jou raakgesteek?
19	MIEM:	Wil mos nie 'n vingerhoed dra nie!
20		*Tydens die volgende twee spreekbeurte sak die mandjie met die tou vinnig na*
21		*onder.*
22	MIEM:	Mandjie, Meisie!
23	GERTIE:	Jy is 'n flukse meisie om jou moeder te help.
24		*MEISIE staan op en knoop die mandjie vinnig los.*
25	MIEM:	Dit is waar. Ek weet nie wat ek sonder haar sou doen nie. Gee hier.
26		*MEISIE gee vir haar die mandjie.*
27	MIEM:	(*kyk na die bord in die mandjie. Vies*) Hou mos nie van kop en pootjies nie. Gaan
28		skraap dan maar die bord uit, my kind.
29		*Terwyl MIEM en GERTIE verder praat, skraap MEISIE die bord uit. Die skaapkop*
30		*en pootjies val hard in die emalje-emmer.*
31	GERTIE:	(*na 'n stilte. Sag, terwyl sy na die tou kyk wat opgetrek word*) En hoe gaan dit
32		daarbo?
33	MIEM:	(*sug*) Dit gaan, Gertie. Dit gaan.
34		*Kort stilte terwyl MEISIE nog die bord uitskraap. Die valdeur klap toe.*
35	GERTIE:	Aag, as vannag net eers verby is. Vir weke slaap ek al onrustig. Kry sulke aaklige
36		drome.

37	MIEM:	Werklik?
38	GERTIE:	Ja!
30	MIEM:	Soms is drome nie net drome nie ... soms ... is hulle ... voorspooksels!
40	GERTIE:	Jy moet dit tog nie sê nie, Miem!
41	MIEM:	Dit kan wees. O ja. Ek het 'n gevoel ... hoe sou ek jou sê ... (*klop met haar vuis teen*
42		*haar bors*) 'n gevoel hier diep, diep binne-in my. (*Onheilspellend*) Vannag sak die
43		donker magte oor ons dorpie neer!
44	GERTIE:	Wat 'n aakligheid! As daar iets gebeur, moet die kerkklok lui.
45	MIEM:	Is dit waar?
46	GERTIE:	Ja. Die wyksusters het vanmiddag vir almal laat weet. En dan moet ons ons kerk
47		toe haas om daar bymekaar te kom.
48		*Daar is 'n harde klop aan die deur.*
49	MIEM:	(*fluister waarskuwend*) Bly doodstil.
50		*MEISIE kom nader en staan bang agter haar ma se stoel. Daar is weer 'n klop.*

16.1 Plaas die uittreksel hierbo binne konteks van die drama. Noem TWEE feite. (2)

16.2 Lees weer reël 4.

Verduidelik hoe dié reël by Miem se gemoedstoestand in reël 1 tot 8 aansluit. (2)

16.3 Lees weer reël 5 tot 7.

16.3.1 Na watter presiese datum verwys die volgende:

'Op dieselfde aand!' (Reël 6) (1)

16.3.2 Wat presies het op dié datum gebeur? (1)

16.4 Lees weer reël 5 tot 7.

16.4.1 Watter ingesteldheid van Miem teenoor die sirkus word deur die woord 'sirkusgedoente' gesuggereer? (1)

16.4.2 Hoe verskil Meisie se ingesteldheid teenoor die sirkus van dié van Miem? (2)

16.5 Lees weer reël 22.

16.5.1 Wie laat sak die mandjie van bo? (1)

16.5.2 Watter kontekstuele faktor het daartoe gelei dat dié persoon hom daar bevind? (1)

16.5.3 Wat, glo Miem, sal eendag 'n einde aan dié situasie bring? (1)

16.6 Lees weer reël 25.

Verduidelik hoe dié opmerking kontrasteer met Miem se latere optrede en opmerkings oor Meisie teenoor die konstabel. Noem TWEE feite. (2)

16.7 In die drama word deurgaans na die 'sirkusmusiek' verwys. Verduidelik die funksie hiervan. Noem TWEE feite. (2)

16.8 Lees weer die uittreksel.

16.8.1 Wat is die gemoedstoestand van Meisie in die uittreksel? (1)

16.8.2 Verduidelik hoe sy aan die einde van die drama van dié gemoedstoestand bevry word. Noem TWEE feite. (2)

16.9 Lees weer reël 48 tot 50.

Wat is, na jou mening, die dramatiese doelstelling van die neweteks? (1)

16.10 16.10.1 Reël 48 sinspeel op die motoriese moment in die drama. Watter karakter word hier aangekondig? (1)

16.10.2 Waarom kan dit as die motoriese moment in die drama beskou word? (1)

16.11 Noem DRIE tegnieke hoe die karakters in die uittreksel aan die leser/ toeskouer openbaar word. (3)
25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou